



Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)

Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika

Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074

E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Wiskunde 2 – Graad 6

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	<input checked="" type="checkbox"/>	d
----	---	---	-------------------------------------	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	d
----	---	-------------------------------------	-------------------------------------	---

<p><i>Nuttige wenk:- Wanneer jy getalsinne het wat verskillende bewerkings gebruik, pas die reël van HADVOA toe, wat die volgorde van bewerkings is:- Eerstens, bereken dit wat tussen Hakies is, dan Ander (vierkantwortels, mag van, ens.), dan Deel en Vermenigvuldig (van links na regs omdat hulle gelykstaande is), en dan laastens, Optel en Aftrek (ook van links na regs).</i></p> <p>Did you know?</p> <ul style="list-style-type: none"> • Deeltal ÷ deler = kwosiënt. • Vermenigvuldiger x vermenigvuldigtal = produk. • Die verskil is die antwoord van 'n aftreksom. • Die som is die antwoord van 'n optelsom. • 'n Inverse bewerking keer die effek van 'n ander bewerking om (doen die teenoorgestelde), bv. optelling en aftrekking is inverse bewerkings en vermenigvuldiging en deling is inverse bewerkings. • kleiner as < (punt na links) en groter as > (punt na regs). 	<p>7. Wat is die inverse bewerking vir die berekening $3\ 104 \div 16$?</p> <p>(a) + (b) - (c) x (d) ÷</p>
<p>1. 10 is een meer as die helfte van dié getal.</p> <p>(a) $4\frac{1}{2}$ (b) 9 (c) 18 (d) 11</p>	<p>8. Gee die simbool vir 'kleiner as' in:</p> <p>29 943 is kleiner as 678 101</p> <p>(a) > (b) < (c) \approx (d) #</p>
<p>2. Kies die korrekte vergelyking.</p> <p>Die kwosiënt van een-en-twintig en 'n getal is drie.</p> <p>(a) $21 + n = 3$ (b) $n + 3 = 21$</p> <p>(c) $\frac{21}{n} = 3$ (d) $\frac{n}{3} = 21$</p>	<p>9. Wat is die korrekte oop getalsin vir:</p> <p>Met hoeveel moet 146 391 verminder word om gelyk te wees aan die som van 3 891; 47 623 en 3 984?</p> <p>(Onthou die HADVOA reël)</p> <p>(a) $146\ 391 - 3\ 891 + 47\ 623 + 3\ 984$</p> <p>(b) $(3\ 891 + 47\ 623 + 3\ 984) - 146\ 391$</p> <p>(c) $146\ 391 - 3\ 891 - 47\ 623 + 3\ 984$</p> <p>(d) $146\ 391 - (3\ 891 + 47\ 623 + 3\ 984)$</p>
<p>3. Daar is 190 gaste by 'n troue. Wat is die minste aantal ronde tafels benodig om al die gaste te laat sit as daar by elke tafel presies 8 mense kan sit?</p> <p>(a) 22 (b) 23 (c) 24 (d) 25</p>	<p>10. Watter getal is die deler in $1\ 289 \div 13$?</p> <p>(a) die antwoord (b) 1 289</p> <p>(c) 13 (d) nie a òf b, òf c nie</p>
<p>4. 'n Otter het oor die 1 000 000 hare per vierkante duim op sy rug. Watter van die volgende is gelyk aan 1 000 000?</p> <p>(a) 10^5 (b) 10^6 (c) 10^7 (d) 10^8</p>	<p>11. In 65×350; wat noem ons 350?</p> <p>(a) vermenigvuldiger (b) produk</p> <p>(c) vermenigvuldigtal (d) nie a òf b, òf c nie</p>
<p>Les dink aan 'n getal. Hy tel 3 by die getal, vermenigvuldig dan die antwoord met 4. Hy trek dan 12 af. Sy finale antwoord is 60.</p> <p>5. Wat is die getal waaraan Les gedink het?</p> <p>(a) 24 (b) 12 (c) 18 (d) 15</p>	<p>12. Watter term pas nie?</p> <p>(a) verskil (b) trek af</p> <p>(c) produk (d) verminder</p>
<p>6. In die getal 957 346, moet ...?... van die waarde van die nege afgetrek word om gelyk te wees aan die waarde van die vier.</p> <p>(a) 899 040 (b) 899 960</p> <p>(c) 899 460 (d) 900 960</p>	<p>13. Wat is die oop getalsin vir:</p> <p>Wat is die verskil tussen die som van 3 641 en 29 134 en Die produk van 49 en 778?</p> <p>(Onthou die HADVOA reël)</p> <p>(a) $(3\ 641 + 29\ 134) - 778 \div 49$</p> <p>(b) $(778 \times 49) + (3\ 641 + 29\ 134)$</p> <p>(c) $(3\ 641 - 29\ 134) + 778 \times 49$</p> <p>(d) $778 \times 49 - (3\ 641 + 29\ 134)$</p>